## CONTENTS • INHOUD


| *No.* | | *Page No.* | *Gazette No.* |
|---|---|---|---|
| | **LOCAL AUTHORITY NOTICE** | | |
| 1710 | Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): City of Tshwane: Akasia/Soshanguve Amendment Scheme 0353A | 3 | 234 |

# LOCAL AUTHORITY NOTICE

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 1710

CITY OF TSHWANE

AKASIA/SOSHANGUVE AMENDMENT SCHEME 0353A

It is hereby notified in terms of the provisions of section 125(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the City of Tshwane has approved an amendment scheme with regard to the land in the township of Soshanguve M Extension 1, being an amendment of the Akasia/Soshanguve Town-planning Scheme, 1996.

Map 3 and the scheme clauses of this amendment scheme are filed with the Executive Director: Legal Services, and are open to inspection during normal office hours.

This amendment is known as Akasia/Soshanguve Amendment Scheme 0353A.

(13/2/Soshanguve M x1 (0353A))
__ October 2009

**Executive Director: Legal Services**
(Notice No 617/2009)

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1710

STAD TSHWANE

AKASIA/SOSHANGUVE WYSIGINGSKEMA 0353A

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 125(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat die Stad Tshwane 'n wysigingskema met betrekking tot die grond in die dorp Soshanguve M Uitbreiding 1, synde 'n wysiging van die Akasia/Soshanguve dorpsbeplanningskema, 1996, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Uitvoerende Direkteur: Regsdienste, in bewaring gehou en lê gedurende gewone kantoorure ter insae.

Hierdie wysiging staan bekend as Akasia/Soshanguve wysigingskema 0353A.

(13/2/Soshanguve M x1 (0353A)
__ Oktober 2009

**Uitvoerende Direkteur: Regsdienste**
(Kennisgewing No 617/2009)

---

CITY OF TSHWANE

DECLARATION OF SOSHANGUVE M EXTENSION 1 AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No 15 of 1986), the City of Tshwane hereby declares the township of Soshanguve M Extension 1 to be an approved township, subject to the conditions as set out in the Schedule hereto.

(13/2/Soshanguve M x1)

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY UNDER THE PROVISIONS OF SECTION 108 OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE NO 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 37 OF THE FARM RIETGAT 611JR, PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1.1 NAME

The name of the township shall be Soshanguve M Extension 1.

1.2 DESIGN

The township shall consist of erven, parks and streets as indicated on General Plan SG No 10351/1995.

1.3 DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of the rights to minerals, but excluding the servitude in favour of the Eskom registered in terms of Notarial Deed of Servitude No SG 849/2009 which affects Erven 1681, 1944, 1955 to 1964, 1985 to 1991, 2160 to 2165, 2168 to 2174, 2182 to 2183, 2235 to 2236, 2245, 2256 to 2272, 3360 and streets in the township only.

1.4 LAND FOR MUNICIPAL PURPOSES

The township owner shall reserve the following erven for municipal purposes:

| | |
|---|---|
| Public open space (Parks): | Erven 3359, 3364 to 3366 |
| General : | Erven 1682, 3360 to 3363 and 3367 |

1.5 DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES

The township owner shall at his own expense cause all existing buildings and structures situated within building line reserves and side spaces or over common boundaries, or dilapidated structures, to be demolished.

1.6 REMOVAL OF LITTER

The township owner shall at his own expense have all litter within the township area removed.

1.7 COMPLIANCE WITH CONDITIONS IMPOSED BY THE DEPARTMENT OF PUBLIC TRANSPORT, ROADS AND WORKS

The township owner shall comply with all the conditions imposed, by which the Gauteng Department of Public Transport, Roads and Works, has granted consent for the development.

1.8 ERECTION OF FENCE OR OTHER PHYSICAL BARRIER

The township owner shall erect a fence or other physical barrier to the satisfaction of the Head of the Department: Gauteng Provincial Government: Department of Public Transport, Roads and Works, as and when required by him to do so, and the township owner shall maintain such fence or physical barrier in a good state of repair until such time as the erven in the township are transferred to ensuing landowners, after which the responsibility for the maintenance of such fence or physical barrier rests with the latter.

1.9 ACCESS

1.9.1 No ingress from Provincial Road 2492 to the township and no egress to Provincial Road 2492 from the township shall be allowed.

1.9.2 Ingress from Provincial Road K4 to the township and egress to Road K4 from the township shall be restricted to the junctions of .Buitekant Street, Dipone Street, Road 2492 (Aubrey Matlala Street) and Edison Mashamba Street with such road.

1.9.3 The township owner shall at his own expense arrange for a geometric lay-out design (scale 1:500) of the ingress and egress points referred to in (a) above and specifications for the construction of the junctions to be compiled and shall submit it to the Head of the Department: Gauteng Provincial Government: Department of Public Transport, Roads and Works, for approval. After the design and specifications have been approved, the township owner shall construct the entrances at his own expense to the satisfaction of the Head of the Department: Department of Public Transport, Roads and Works.

1.10 RECEIVING AND DISPOSAL OF STORMWATER

The township owner shall arrange the stormwater drainage of the township in such a way as to fit in with that of Provincial Road K4 and Road 2492 and he shall receive and dispose of the storm water running off or being diverted from the road.

1.11 RESTRICTION ON THE DISPOSAL OF ERF 2447

The township owner shall not offer for sale or alienate Erf 2447 within a period of 12 months from the date of declaration of the township as an approved township, to any person or body other than the Gauteng Department of Education unless the department has indicated in writing that it does not wish to acquire the erf.

1.12 MINITURE SUBSTATIONS

Should it become necessary during the installation of services to place miniature substations within a road reserve, the servitudes inside the erven shall be registered in favour of the municipality.

1.13 OBLIGATIONS IN REGARD TO ESSENTIAL SERVICES

The township owner shall fulfil its obligations in respect of the provision of water, electricity and sanitary services and the installation of systems therefore.

2. CONDITIONS OF TITLE

2.1 THE ERVEN MENTIONED BELOW SHALL BE SUBJECT TO THE CONDITION AS INDICATED, LAID DOWN BY THE MUNICIPALITY IN TERMS OF THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

2.1.1 ALL ERVEN WITH THE EXCEPTION OF THE ERVEN REFERRED TO IN CLAUSE 1.5

2.1.1.1 The erf shall be subject to a servitude, 2 m wide, for municipal services (water, sewer, electricity and stormwater) (hereinafter referred to as "the services"), in favour of the local authority, along any two boundaries, excepting a street boundary and, in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes, 2m wide, over the entrance portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may waive any such servitude.

2.1.1.2 The erf is subject to a servitude, 2m wide, in favour of the Municipality for municipal purposes on the street- and rear (mid block) boundary: Provided that the Municipality may dispense with any such servitude.

2.1.1.3 No buildings or other structures may be erected within the aforesaid servitude area and no trees with large roots may be planted within the area of such servitude or within a distance of 2m from it.

2.1.1.4 The Municipality shall be entitled to temporarily deposit on the land adjoining the aforesaid servitude, any material it excavates during the laying, maintenance or removal of such services and other works which in its discretion it regards necessary, and furthermore the City of Tshwane shall be entitled to reasonable access to the said property for the aforesaid purpose, subject to the provision that the City of Tshwane shall make good any damage caused during the laying, maintenance or removal of such services and other works.

2.1.1.5 The erf is subject to a servitude within a 13 or smaller road reserve for transformer/ substation purposes in favour of the Municipality if and when necessary.

2.2 ERVEN 2004,2005 AND 2111

The erf shall be subject to a servitude for road purposes in favour of the Municipality, as indicated on the general plan. Upon submission of a certificate by the City of Tshwane to the Registrar of Deeds in which it is mentioned that such servitude is no longer needed, the condition shall lapse.

STAD TSHWANE

**VERKLARING VAN SOSHANGUVE M UITBREIDING 1 TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No 15 van 1986), verklaar die Stad Tshwane hierby, die dorp Soshanguve M Uitbreiding 1 tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

(13/2/Soshanguve M x1 (0353A))

BYLAE

STAAT VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DIE STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 108 VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE NO 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP OP GEDEELTE 37 VAN DIE PLAAS RIETGAT 611JR, GAUTENG, TE STIG, TOEGESTAAN IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES

1.1 NAAM

Die naam van die dorp is Soshanguve M Uitbreiding 1.

1.2 ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe, parke en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No 10351/1995.

1.3 BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd die serwituut ten gunste van Eskom geregisteer in terme van Notariële Akte van Serwituut No SG 849/2009 wat slegs Erwe 1681, 1944, 1955 tot 1964, 1985 tot 1991, 2160 tot 2165, 2168 tot 2174, 2182 tot 2183, 2235 tot 2236, 2245, 2256 tot 2272, 3360 en strate in die dorp raak.

1.4 GROND VIR MUNISIPALE DOELEINDES

Die volgende erwe moet deur en op koste van die dorpseienaar aan die plaaslike bestuur oorgedra word:

| | |
|---|---|
| Parke (openbare oopruimte): | Erwe 3359, 3364 tot 3366 |
| Algemeen: | Erwe 1682, 3360 tot 3363 en 3367 |

1.5 SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes en kantruimtes of oor gemeenskaplike grense gelê is, of bouvallige strukture laat sloop tot tevredenheid van die Stad Tshwane wanneer die Stad Tshwane dit vereis.

1.6 VERWYDERING VAN ROMMEL

Die dorpseienaar moet op eie koste alle rommel binne die dorpsgebied laat verwyder tot tevredenheid van die Munisipaliteit wanneer die Munisipaliteit dit vereis.

1.7 VOLDOENING AAN VOORWAARDES OPGELê DEUR DIE DEPARTEMENT VAN OPENBARE VERVOER, PAAIE EN WERKE

Die dorpseienaar sal op sy eie koste voldoen aan al die voorwaardes wat opgelê is deur Departement van Openbare Vervoer, Paaie en Werke, vir die ontwikkeling van die dorpsgebied.

1.8 OPRIGTING VAN HEINING OF ANDER FISIESE VERSPERRING

Die dorpseienaar moet op eie koste 'n heining of ander fisiese versperring oprig tot tevredenheid van die Hoof van die Departement: Gauteng Provinsiale Regering: Departement van Openbare Vervoer, Paaie en Werke, soos en wanneer deur hom verlang om dit te doen en die dorpseienaar moet sodanige heining of fisiese versperring in 'n goeie toestand hou tot tyd en wyl die erwe in die dorp aan die daaropvolgende grondeienaars oorgedra word, waarna die verantwoordelikheid vir die instandhouding van sodanige heining of fisiese versperring by hulle berus.

1.9 TOEGANG

1.9.1 Geen ingang van Provinsiale Pad 2492 tot die dorp en geen uitgang tot Provinsiale Pad 2492 uit die dorp word toegelaat nie.

1.9.2 Ingang van Provinsiale Pad K4 tot die dorp en uitgang tot Pad K4 uit die dorp word beperk tot die kruising van Buitekantstraat, Diponestraat, Pad 2492 (Aubrey Matlala-straat) en Edison Mashambastraat met sodanige pad.

1.9.3 Die dorpseienaar moet op eie koste 'n meetkundige uitlegontwerp (skaal 1:500) van die ingang- en uitgangspunte genoem in 1.9.1 hierbo en spesifikasies vir die bou van die aansluitings laat opstel en vir goedkeuring aan die Hoof van die Departement: Gauteng Provinsiale Regering: Departement van Openbare Vervoer, Paaie en Werke, voorlê. Die dorpseienaar moet, nadat die ontwerp en spesifikasies goedgekeur is, die toegange op eie koste bou tot tevredenheid van die Hoof van die Departement: Gauteng Provinsiale Regering: Departement van Openbare Vervoer, Paaie en Werke.

1.10 ONTVANGS VAN EN WEGDOEN MET STORMWATER

Die dorpseienaar moet die stormwaterdreinering van die dorp so reël dat dit inpas by die van die Provinsiale Pad K4 en Pad 2492 en hy moet die stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, ontvang en daarmee wegdoen.

1.11 BEPERKING OP DIE WEGMAAK VAN ERF 2447

Die dorpseienaar mag nie Erf 1447 binne 'n tydperk van 12 maande na die datum van die verklaring van die dorp as 'n goedgekeurde dorp aan enige persoon of liggaam behalwe die Gauteng Departement van Onderwys te koop aanbied of vervreem nie, tensy die departement skriftelik aandui dat hy nie die erf wil bekom nie.

1.12 MINIATUURSUBSTASIES

Indien dit tydens die installasie van dienste nodig blyk dat miniatuursubstasies in 'n padreserwe geplaas moet word, moet die serwitute in die erwe ten gunste van die Munisipaliteit geregistreer word.

1.13 VEPLIGTINGE TEN OPSIGTE VAN NOODSAAKLIKE DIENSTE

Die dorpseienaar moet binne sodanige tydperk as wat die munisipaliteit mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van water, elektrisiteit en sanitêre dienste en die installering van stelsels daarvoor, soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die munisipaliteit nakom.

2. TITELVOORWAARDES

2.1 DIE ERWE HIERONDER GENOEM, IS ONDERWORPE AAN DIE VOORWAARDES SOOS AANGEDUI, OPGELÊ DEUR DIE MUNISIPALITEIT INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986):

2.1.1 ALLE ERWE MET UITSONDERING VAN DIE ERWE GENOEM IN KLOUSULE 1.5

2.1.1.1 Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, 2 meter breed, vir munisipale dienste (water, riool, elektrisiteit, stormwater) (hierna "die dienste" genoem), ten gunste van die Munisipaliteit langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes, 2 meter breed, oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer die plaaslike bestuur dit verlang: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

2.1.1.2 Die erf is onderhewig aan 'n serwituut van twee meter wyd op die straat- en agterste (middelblok-) grens ten gunste van die Munisipaliteit vir munisipale doeleindes: Met dien verstande dat die Munisipaliteit van enige sodanige serwituut mag afsien.

2.1.1.3 Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituut area opgerig word nie en geen groot wortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.

2.1.1.4 Die Munisipaliteit is daarop geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke wat hy na goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op grond wat aan die voornoemde serwituut grens, en voorts is die Munisipaliteit geregtig op redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die Munisipaliteit enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke veroorsaak word.

2.1.1.5 Die erf is onderworpe aan 'n serwituut in 'n 13m of kleiner padreserwe vir transformator-/substasiedoeleindes, ten gunste van die munisipaliteit, soos en wanneer nodig.

2.1.2 ERWE 2004, 2005 EN 2111

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir paddoeleindes ten gunste van die Munisipaliteit, soos op die algemene plan aangedui. By die indiening van 'n serwituutkaart deur die Munisipaliteit aan die Registrateur van Aktes waarin vermeld word dat sodanige serwitute nie meer benodig word nie, verval die voorwaardes.

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the **Gauteng Provincial Administration**, Johannesburg
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die **Gauteng Provinsiale Administrasie**, Johannesburg